#HoeNou?! – Episode 19: KONDENSMELK

Waar kom kondensmelk vandaan?

Het jy ook kleintyd kondensmelk uit die blik gelê en suig? Of doen jy dit dalk steeds vandag? Maar waar kom kondensmelk en spesifiek gekookte kondensmelk vandaan. Waar kom melk vandaan? En hoe is dit vroeër gesuiwer?

Het jy geweet?

- Die woord *melk* kom al in Proto-Indo-Europees ongeveer 6 500 jaar gelede voor as **$h_2$melǵ- [χmelgʰ]* in presies dieselfde betekenis as wat ons dit ken.
- Tot en met die 19e eeu was skoon, vars melk eintlik maar ’n skaars ding, want siektes is dikwels deur koeimelk versprei.
- Daarom het die mense met allerhande byvoegsels – soos kryt en water – geëksperimenteer om die melk te suiwer.
- In die 1850’s het die Amerikaner Gail Borden aangetoon dat melk se raklewe aansienlik verleng kon word deur die melk te verhit om van die water te laat verdamp, en om daarna suiker as preserveermiddel by te voeg.
- Die gebroeders George en Charles Page het toe in 1866 die Anglo-Swiss Condensed Milk Company in Switserland opgerig, want hulle het gereken die Europeërs kon baat by hierdie wonderlike Amerikaanse uitvindsel.
- Dit was eintlik oornag ’n sukses, veral omdat die blikkies gepreserveerde melk aan soldate versprei kon word, of na bv. die Britse kolonies uitgevoer kon word.
- Die Anglo-Swiss Condensed Milk Company se naam was eintlik Nestlé. In die 1860’s het ’n Duitser genaamd Henri Nestlé na Switserland geïmmigreer en met ’n melkgebaseerde babakosreeks begin.
- Hoewel Nestlé se maatskappy en die gebroeders Page se maatskappy aanvanklik kompetisie vir mekaar was, het dit baie sin gemaak om die twee maatskappye te amalgameer, wat dan inderdaad ook in 1905 gebeur het.
- Nestlé is vandag nog die bekendste vervaardiger van kondensmelk.

Gekookte kondensmelk

Het jy geweet?

Vroeër jare kon ‘n mens nie gekookte kondensmelk (caramel – “caramelised condensed milk”) in blikkies koop nie en het mense hulle eie gemaak deur die blikkies kondensmelk in ‘n pot vol water te sit en dit op medium-hoë hitte tot kookpunt te bring en dan die hitte laag te draai en die blikkies te laat prut vir twee en ‘n half uur. Die blikkies moes die hele tyd onder die kookwater wees. Na drie ure is die pot van die stoof afgehaal en is die blikkies dat in die

kokende water gelos om af te koel. (**Let wel: Dit is BAIE belangrik** om dit eers **heeltemal te laat afkoel**, aangesien die blikkies onder hoë druk is en ‘n mens jouself lelik kan brand, sou die kondensmelk uit die blikkie spuit wanneer ‘n mens dit oopsny.)

- In Engels staan gekookte kondensmelk bekend as *caramelised condensed milk*.
- In Amerika staan dit bekend onder sy Spaanse naam ***dulce de leche*** [dulsɛ də lɛt͡ʃɛ] [dulθɛ də lɛt͡ʃɛ], wat letterlik beteken “soetheid van melk”, genoem.
- Dit kom tradisioneel uit Suid-Amerika waar hulle melk en suiker vir ure gekook en geroer het tot dit gekarameliseer het. Dit is minder soet as gekookte kondensmelk.

Bronne:

- Condensed milk - Wikipedia
- A condensed history | Nestlé Global (nestle.com)
- How evaporated and condensed milk is made - manufacture, making, history, used, processing, composition, steps, product, industry, History (madehow.com)
- Condensed Milk - an overview | ScienceDirect Topics
- HISTORY OF BEVERAGE: History of condensed milk (beveragehistory.com)

- Dulce de leche - Wikipedia
- 3 Ways to Make Dulce De Leche - wikiHow

ETIMOLOGIEWOORDEBOEK VAN AFRIKAANS

kondensmelk s.nw.
Gekondenseerde melk, gewoonlik versoet en in 'n blikkie.
Samestelling van *kondens* en *melk*, met *kondens* die verafrikaanste vorm van Eng. *condensed*.

WOORDEBOEK VAN DIE AFRIKAANSE TAAL (WAT)

kondensmelk s.nw. (<*Engels* condensed) Gekondenseerde melk, gew. versoet en in 'n blikkie (blikkiesmelk); sin. *stroopmelk* (ongewoon): *Kondensmelk is ook ingedampte melk, dog dit is meer gekonsentreerd en daar is 45% rietsuiker bygevoeg. Dit word (vir babas) in 'n melksamestelling aangemaak deur die byvoeging van 7 dele water vir 1 deel kondensmelk Hoewel kondensmelk dikwels deur minder gegoede mense as 'n babavoeding gebruik word, is dit nie vir hierdie doel geskik nie behalwe as 'n tydelike maatreël* (J. v. Elfen: Babasorg[2], 1967, 106).

BRON EN EIENDOMSREG: GERHARD VAN HUYSSTEEN EN SU-AN MÜLLER-MARAIS.